UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

REGLEMENT : GEMEENSKAPSINTERAKSIEKOMITEE [GIK(S)]

In die Strategiese Raamwerk vir die eeuwisseling en daarna word die verbintenis wat die universiteit behoort te hê tot 'Gemeenskapsdiens' breedvoerig gestel. Insgelyks word rolspelling in Visie 2012 beklemtoon. Daar word voorsien dat 'n subkomitee van die Senaat 'n deurslaggewende rol behoort te speel in die ontwikkeling en vestiging van gemeenskapsinteraksie as volwaardige derde komponent van die kernaktiwiteite van die US.

A. Funksies

Die funksies van die Gemeenskapsinteraksiekomitee behels die volgende:

1. Algemene funksies en verantwoordelikhede:

i. Om die Senaat, die Raad en die Bestuur te adviseer oor sake wat betref Gemeenskapsinteraksie (spesifiek mbt strategiese beleidsake en sake wat met die algemene beheerfunksie van die komitee te make het);

ii. om volgens gedelegeerde bevoegdheid te dien as koördinerende liggaam vir die gemeenskapsinteraksiestrategie;

iii. ook om verantwoordelikheid te neem om vir gemeenskappe in die breë samelewing die geleentheid te skep om in 'n gees van deelnemendheid insette te lewer ten opsigte van interaksie tussen die Universiteit en die gemeenskappe wat dit dien (die inspraak beteken nie verteenwoordiging op die komitee nie).

2. Spesifieke funksies:

i. Om die verskeidenheid van aard en vorme van die Universiteit se interaksie met die gemeenskap oorhoofs te struktureer en te versterk as 'n geordende, gekoördineerde kernproses naas onderrig en navorsing.

ii. Om breë leiding te gee aan implementeerders van gemeenskapsinteraksieprogramme ter ondersteuning van die uitbou van sinvolle vennootskappe met individue, gemeenskappe en instellings.

iii. Om bystand te verleen met die monitering en evaluering van Gemeenskapsinteraksie aan die Universiteit.

iv. Om advies te verleen met betrekking tot die algemene finansieringskwessies wat Gemeenskapsinteraksie raak.

B. Samestelling van die Gemeenskapsinteraksiekomitee

i. Die Vise-rektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel) (ampshalwe) as voorsitter;
ii. Twee Verteenwoordigers van elk van die drie fakultêre groeperinge soos t.o.v. navorsing onderskei (Geestes- en Sosiale Wetenskappe; Natuurwetenskappe, Gesondheidswetenskappe). Hierdie verteenwoordigers sal deur die Uitvoerende Komitee van die Senaat [UK(S)] aangewys word;
iii. 'n Studenteverteenwoordiger aangewys deur die SR.
iv. 'n Verteenwoordiger van die Afdeling Kommunikasie en Bemarking;
v. Die hoof van die afdeling Gemeenskapsinteraksie;
vi. Die Vise-rektor (Navorsing) (ampshalwe);
vii. Die Vise-rektor (Onderrig) (ampshalwe);
viii. Die hoof van Matie Gemeenskapsdiens;
L.W. : Die Gemeenskapsinteraksiekomitee het die reg tot koöptering (o.a. in gevalle waar lede van die Gemeenskapsinteraksie-komitee met studie- of ander verlof is of spesifieke kundigheid benodig word.)

C. Rol en funksies van lede van die Gemeenskapsinteraksiekomitee

i. Van die lede van die Gemeenskapsinteraksiekomitee word verwag om op 'n verantwoordelike wyse mee te werk om die algemene en spesifieke funksies wat deur die Senaat, die Raad en die Bestuur opgedra is, tot uitvoer te bring.

ii. Nieteenstaande die feit dat die onderskeie lede van die Gemeenskapsinteraksiekomitee benoem kan word met inagneming van, in sommige gevalle, (a) hul lidmaatskap van bepaalde fakulteite, (b) hul kundigheid, (c) hul lidmaatskap van bepaalde komitees, (d) die bekleding van 'n bepaalde amp, of (e) enige kombinasie hiervan, word van die lede van die Gemeenskapsinteraksiekomitee verwag om hul rolle in enige van hierdie komitees te vervul op 'n wyse wat sal verseker dat die algemene en spesifieke funksies, take, verant-woordelikhede en bevoegdhede van die betrokke komitee *in die belang van die Universiteit as geheel* tot uitvoer gebring kan word.

Opmerkings:

- Die feit dat bepaalde lede van die Gemeenskapsinteraksiekomitee benoem word op grond van lidmaatskap van 'n bepaalde *fakulteit* of op grond van hul besondere *kundigheid*, beteken nie dat dié lid 'n amptelike

verteenwoordiger van die betrokke fakulteit is nie, maar is bedoel om die Gemeenskapsinteraksiekomitee die voordeel van die gesigspunte vanuit 'n bepaalde wetenskaps- en kundigheidsomgewing te laat toekom.

- Die feit dat bepaalde lede van die Gemeenskapsinteraksiekomitee benoem word op grond van 'n bepaalde *amp*, is bedoel om die betrokke komitee se gladde funksionering te verseker.
- Die feit dat bepaalde lede van die Gemeenskapsinteraksiekomitee benoem word op grond van hul lidmaatskap van 'n bepaalde *komitee*, beteken nie dat dié lid 'n amptelike verteenwoordiger van die betrokke komitee is nie, maar is bedoel om die Navorsingskomitee of subkomitee die voordeel van die gesigspunte vanuit 'n bepaalde wetenskaps- en kundigheidsomgewing te laat toekom en om die gladde funksionering van die komitee te verseker.

iii. Van lede van die Gemeenskapsinteraksiekomitee word verwag om hul rolle so objektief as moontlik te vervul, onderhewig aan die gewone ordereëlings wat geld vir universiteitskomitees, bv. wat vertroulikheid en die verklaring van belange betref.

D. Waarnemers se bywoning van vergaderings van die Gemeenskapsinteraksiekomitee in adviserende hoedanigheid

Die Gemeenskapsinteraksiekomitee kan lede vir bepaalde tydperke of vergaderings koöpteer, of kan persone uitnooi om bepaalde vergaderings by te woon (in die geheel of vir bepaalde agendapunte), met die doel om kundigheid tot die komitee toe te voeg, of om kundigheid by persone te ontwikkel.

E. Frekwensie van vergaderings:

Die Komitee sal ten minste een keer per kwartaal vergader.

F . Tydperk van lidmaatskap : 2 jaar

G. Sekretariaat : Die administratiewe ondersteuning van die Komitee sal deur die hoof van die afdeling Gemeenskapsinteraksie bestuur word.